higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4

(11020304)

7 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

142Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dit verwys na hoe veranderinge in prys die vraag na goedere of dienste beïnvloed.

A Elastisiteitsbeginsel
B Elastiese goedere
C Vraagketting
D Vraagelastisiteit

1.2 'n Monetêre maatstaf van wat die vervoerverskaffer moet betaal om vervoerdienste te lewer.

A Kosteberekeningsmodelle
B Vervoerkoste
C Transaksiekoste
D Kostedoeltreffendheid

1.3 Wanneer bestuurders hul motors parkeer en per bus of trein na die middestad of ander belangrike gebiede ry, staan dit bekend as ...

A verkeerskalmering
B parkeer-en-ry
C bevordering van fietsgebruik
D motordeling

1.4 Dit verwys na 'n artikel of produk wat as vrag vervoer word.

A Netwerke
B Tegnologiebehouering
C Kapitaalbeleggings
D Kommoditeit

(4 × 1) **[4]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Elastiese goedere en dienste is daardie goedere en dienste wat sensitief jeens verandering in verkoopsprys is.

2.2 Reisigeropnames kan gebruik word om verkeersdata in te samel.

2.3 Padvervoer is nie die gewildste vervoermodus nie omdat dit nie as 'n skakel tussen die meeste ander modusse dien nie.

2.4 Die olie- en gasbedryf is 'n voorbeeld van intermodale-vervoerstrategieë.

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (3.1–3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Dit gebeur wanneer langtermyn- gemiddelde koste styg namate uitset toeneem.	A	vermoë
3.2	Die aantal passasiers of hoeveelheid goedere wat vervoer kan word deur gebruikmaking van 'n vervoerdiens staan bekend as ...	B	tyd
3.3	Die funksie wat al die toepaslike hefbome oorweeg wat die prys van vervoer beïnvloed, staan bekend as die ...	C	skaalverspillings
3.4	Een van die faktore wat die gebruik van intermodale vervoer bepaal, is …	D	skaalbesparings
		E	kostefunksie
		F	veiligheid

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 4

Definieer die volgende terme of woorde deur slegs die definisie langs die vraagnommer (4.1–4.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Mark

4.2 Intermodale aanbod

4.3 Vervoerinkomste

4.4 Internasionale handel

(4 × 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik TWEE vlakke van vervoeraanbod en gee TWEE voorbeelde van elke vlak. (2 × 3) (6)

5.2 Noem DRIE basiese krommes wat vir kosteberekeningsdoeleindes gebruik word. (3)

5.3 Wys deur gebruikmaking van ’n tabel TWEE belangrike omstandighede wat vervoerkoste beïnvloed en gee EEN faktor vir elke omstandigheid. (4)

5.4 Gee DRIE belangrike vorms van regulering wat openbare beheer tipies oor private onderneming handhaaf. (3)

5.5 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

> Die staat gebruik vervoer om ekonomiese doeltreffendheid te ontwikkel, wat produktiwiteit in die land verhoog. Indien ons vervoerkoste kan verminder of die waarde van dienste verhoog, kan ons vervoerdoeltreffendheid verbeter.

Beskryf deur gebruikmaking van ’n vloeidiagram VIER voordele van ’n doeltreffende vervoerbedryf. (4 × 3) (12) **[28]**

VRAAG 6

6.1 Beskryf TWEE stappe wat vervoerdiensverskaffers kan doen om die vraag na hul vervoermodus te verhoog. (2 × 2) (4)

6.2 Verduidelik VIER modale neigings in passasiersvervoer in Suid-Afrika. (4 × 2) (8)

6.3 Noem DRIE gewilde tipes skepe wat diensverskaffers gebruik wanneer hulle van watervervoer gebruik maak om in verbruikers se behoeftes te voorsien. (3)

6.4 Noem VYF maniere waarop veranderinge in die prys van vervoerdienste 'n uitwerking op vervoer sal hê. (5)

6.5 Gee DRIE beperkings van spoorvervoer as vervoermodus en gee TWEE voorbeelde van produkte wat hulle vervoer. (3 + 2) (5)

6.6 Vergelyk pypleiding en lugruim as 'n vervoermodus met betrekking tot vaste en veranderlike koste. (4)

[29]

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Definieer die konsep *verkeersbestuur.* (2)

7.1.2 Som TWEE doelstellings en doelwitte van verkeersbestuur op. (2 × 2) (4)

7.2 Identifiseer DRIE tipes padprysvasstelling in verkeersbestuur. (3)

7.3 Beskryf DRIE voordele van intermodale vervoer. (3 × 2) (6)

7.4 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



<u>Aflewering van entstof wêreldwyd benodig '8,000 makrostralers'</u>

Indien ’n nuwe entstof egter by die aanbod gevoeg word, kan dit ernstige logistiese probleme skep vir diegene wat reeds met ’n moeilike omgewing te make het.

Entstowwe moet gewoonlik koel gehou word – gewoonlik tussen 2ºC en 8ºC. Dit is nie so ’n groot uitdaging in die meeste ontwikkelde lande nie, maar kan ’n reusetaak wees indien infrastruktuur swak is en elektrisiteitsvoorsiening en verkoeling onbestendig is.

‘Om entstowwe se koue ketting in stand te hou is reeds een van die grootste uitdagings waarmee lande te kampe het, en dit sal vererger met die bekendstelling van ’n nuwe entstof,’ het MSF se mediese adviseur, Barbara Saitta, aan die BBC gesê.

‘Lande sal meer koue-kettingtoerusting moet byvoeg, seker maak dat hulle altyd brandstof het (om vrieskaste en yskaste in die afwesigheid van elektrisiteit aan die gang te hou) en dit herstel/vervang wanneer hulle breek en dit vervoer na waar jy dit ook al nodig het.’

Bron: *www.bbc.com/news/health-54027269*

Teken en beskryf ’n voorbeeld van ’n suksesvolle intermodale vervoernetwerk in die entstofbedryf. (8)

[23]

TOTAAL AFDELING C: 23
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou